ABSA

Afbetalingsverkoopsooreenkoms – buite die Nasionale Kredietwet 34 van 2005

Vertroulik

Belastingfaktuur

Ons Afbetalingsverkoopooreenkoms is in twee dele, Kommersiële Bepalings en Standaard Bepalings, waarna gesamentlik as 'Ooreenkoms' verwys word. Daar word na Absa Bank Beperk verwys as 'ons', en na die kliënt as 'Kliënt' of 'u'.

Kommersiële Bepalings

Rekeningnommer	00090787620		
Kredietverskaffer	**Absa Bank Beperk (NCRCP7)**		
Kontaknommer	**0861 001 155**		
Fisiese adres	**7de Verdieping, Barclays Toringblok Wes, Troyestraat 15, Johannesburg, 2001**		
Registrasienommer	**1986/004794/06**	BTW-nommer	**4940112230**
Kliënt	GEORGE MUNICIPALITY		
Registrasienommer	-	BTW-nommer	4630193664
Geregistreerde adres	YORKSTRAAT 96 GEORGE 6529		
Fisiese adres	YORKSTRAAT 96 GEORGE 6529		
Kontaknommer	-	Faksnommer	-
E-posadres	-		

Bate beskrywing

Bate beskrywing	NEW SINGLE AXLE TRAILER		
Fabrikaat	-	Model	-
Jaar van eerste registrasie	2018	Enjinnommer	-
Onderstelnommer	AC9B11SMBJHGG0002	Reeksnommer	-
Registrasienommer	-	Kilometerlesing	0

Lening	R 81034.21

Koopprys		VAPS-ekstras by Lening ingesluit		Aanvanklike betaling /Deposito		Verhaalbare bedrag	
Kosprys van Bate	R 71082.64			*Inruilwaarde	R 0.00	Totaal A	R 81034.21
Kosprys van ekstras	R 0.00			*Kontantdeposito	R 0.00	+ Totaal B	R 0.00
BTW	R 9951.57					Subtotaal	R 81034.21
						- Totaal C	R 0.00
						Lening	R 81034.21
Totaal A	R 81034.21	Totaal B	R 0.00	Totaal C	R 0.00	+ Rente	R 21013.69
						Verhaalbare bedrag	R 102047.90

Uiteensetting van Ekstras:	
Totaal	R 0.00

*BTW ingesluit waar aangedui

LOAN
ID - 1144 CREDITOR 009783.

Aanvangsdatum: 20180327

Paaiement Opsie 2: Betalingstruktuur

Vanaf	20180630	met die totaal van	9	Halfjaarliks	betaling van	R 10204.79
Vanaf	20221230	met die totaal van	1	Halfjaarliks	betaling van	R 10204.79

Rentekoers Vas 9.77 %
Verstekkoers Prima Koers + 9%
Inisiërings-/
Dokumentasiefooi R 0.00 (BTW ingesl.)

Diensfooi R 478.80 (BTW ingesl) Halfjaarliks

Sekuriteit Soos uiteengesit in die Addendum tot hierdie Ooreenkoms.

Debietordermagtiging
Ons magtig u hiermee om ons rekening te debiteer met die bedrae wat ons aan u skuld op die datums wat ons gekies het om hierdie bedrae aan u te betaal en sonder dat dit vir u nodig is om ons te versoek om weer enige van hierdie debiete te magtig.

Rekeningnommer wat gedebiteer moet word | | | | | | | | | | | | | | | | | Tipe rekening | | 1 Tjek/Lopend 2 Spaarrekening

Rekeninghouer se naam

Tak kode

Bank

Adres waar die Bate gewoonlik gehou sal word

YORKSTRAAT 96
GEORGE
6529

Geteken te GEORGE op 29/3/2018

Vir: Absa Bank Beperk

O.C. VERMEULEN
5010055

Behoorlik gemagtig

Naam:

Hoedanigheid:

Spannaam:

Telefoonnommer:

E-posadres:

Geteken te GEORGE op 29/3/2018.

Vir: GEORGE MUNICIPALITY

Behoorlik gemagtig

Naam:

Hoedanigheid:

Behoorlik gemagtig

Naam:

Hoedanigheid:

Afbetalingsverkoopsooreenkoms – buite die Nasionale Kredietwet 34 van 2005

Ons Afbetalingsverkoopsooreenkoms is in twee dele, Kommersiële Bepalings en Standaard Bepalings, waarna gesamentlik verwys word as 'Ooreenkoms'.

In hierdie Ooreenkoms:

- word na Absa Bank Beperk verwys as 'ons';
- word na die Lener verwys as 'Lener' of 'u';
- word na die geld wat ons aan u leen verwys as die 'Lening';
- word na die bate wat met die Lening gekoop word as die 'Bate' verwys; en
- word na die verskaffer van die Bate aan u verwys as 'Verskaffer'.

Standaard Bepalings

1 Afbetalingsverkoop

Ons Afbetalingsverkoopsooreenkoms laat u toe om die Bate te koop met die Lening, wat u saam met fooie en rente in gereelde paaiemente oor 'n ooreengekome tydperk terugbetaal.

2 Eienaarskap

Kragtens hierdie Ooreenkoms:

- behoort die Bate wat met die Lening gekoop word aan ons tot u al u finansiële verpligtinge betaal het;
- is u geregtig op die besit en gebruik van die Bate mits u nie wanpresteer nie; en
- sal ons eienaarskap van die Bate aan u oordra wanneer u al u finansiële verpligtinge betaal het.

3 Aflewering en Aanvaarding

Voordat u aflewering van die Bate deur die Verskaffer aanvaar, sal u nagaan dat dit:

- is wat u wil hê of bestel het;
- geskik is vir die doel waarvoor u beoog om dit te gebruik;
- in 'n goeie werkende toestand is; en
- vry is van enige defekte.

Ons betaal vir die Bate wanneer u dit aanvaar het en eienaarskap gaan na ons oor, tensy ons reeds die Bate ingevolge 'n Koop- en Verkoopsooreenkoms of Tussentydse Leningsooreenkoms besit wat ons met u aangegaan het.

Enige eise of potensiële eise wat u moontlik in verband met die Bate kan hê, insluitende maar nie beperk nie tot eise vir:

- defekte;
- onvolledigheid;
- geskiktheid vir die doel; of
- laat of geen aflewering nie,

moet u teen die Verskaffer instel en ons dra hoegenaamd geen aanspreeklikheid nie.

4 Die Bate

U sal regdeur die duur van hierdie Ooreenkoms:

- die Bate slegs in die normale gang van u besigheid gebruik;
- die Bate in u besit en onder u beheer hou en dit in 'n goeie werkende orde en toestand volgens die vervaardiger se spesifikasies hou;
- aan enige waarborg of waarborgvereistes van die Verskaffer of vervaardiger van die Bate voldoen;
- op u koste enige lisensies, permitte of registrasies wat u nodig het om die Bate wettig te besit en te gebruik, hou, in stand hou en daaraan voldoen;
- nie enige ongekwalifiseerde of ongelisensieerde persoon toelaat om die Bate te gebruik nie;
- nie sonder ons vooraf skriftelike toestemming die Bate uit Suid-Afrika neem nie;
- nie sonder ons vooraf skriftelike toestemming die Bate verkoop, of besit of beheer oordra of daarvan afstand doen aan enige ander persoon nie;
- ons onmiddelik skriftelik in kennis stel van enige verandering in die adres waar die Bate gewoonlik gehou word;
- nie die Bate gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel waarvoor dit nie ontwerp is nie, vir enige onwettige doel, op enige wyse wat enige eis teen 'n versekeringspolis ongeldig kan maak, vir enige vorm van motorsport of ander gevaarlike aktiwiteit nie;
- seker maak dat geen ander persoon enige regte oor die Bate verkry nie en dat daar nie deur 'n hofbevel beslag gelê word op die Bate nie;
- nie sonder ons vooraf skriftelike toestemming veranderinge aan die Bate aanbring nie;
- ons redelike geleentheid gun om die Bate van tyd tot tyd te inspekteer en te waardeer;
- ons toelaat om 'n kenteken of merk op die Bate aan te bring wat identifiseer dat die Bate aan ons behoort en wat u ooreenkom om nie mee te peuter of te verwyder nie; en

- nie die Bate sonder ons vooraf skriftelike toestemming in 'n fisiese struktuur, masjienerie, voertuig of ander installasie om te bou nie.

Vervangingsonderdele wat geïnstalleer word as gevolg van herstelwerk en onderhoud van die Bate, maak 'n deel van die Bate uit en behoort aan ons (hetsy dit van die Bate verwyder kan word al dan nie).

Indien ons toestem dat u veranderinge aan die Bate mag aanbring, vorm onderdele wat bygevoeg of vervang word deel van die Bate en behoort aan ons. Bruikbare onderdele wat verwyder word en die opbrengs op die verkoop daarvan behoort aan ons tensy ons afstand doen van ons aanspraak daarop deur u skriftelik in kennis te stel.

5 **Versekering van Bate**

U sal:
- die Bate vir die volle vervangingswaarde daarvan verseker deur 'n omvattende kommersiële versekeringspolis wat alle risiko's dek wat gewoonlik deur 'n kommersiële versekeringspolis gedek word by 'n agtenswaardige versekeringsmaatskappy wat vir ons aanvaarbaar is;
- toesien dat ons in u versekeringspolis as eerste verliesbegunstigde aangeteken word;
- wanneer nodig u versekeringspolis, bevestiging deur die versekeraar dat ons belang as eerste verliesbegunstigde aangeteken is en bevestiging dat die premies tot op datum betaal is, aan ons lewer; en
- ons in kennis stel van enige voorval wat waarskynlik 'n eis teen u versekeringspolis tot gevolg sal hê.

Indien u nie u versekeringspremies betaal nie, is ons geregtig om dit te betaal. U stem in om ons onverwyld in kennis te stel indien u versekeringspolis verval en ons sal geregtig wees om die Bate te verseker. Ons sal in ieder geval geregtig wees om die premies by u Lening te voeg en u paaiement aan te pas sodat u u Lening teen die datum van die laaste paaiement afbetaal.

In geval van die totale verlies of afskrywing van die Bate:
- is ons geregtig om onmiddellike terugbetaling van die volle uitstaande saldo van die Lening met voortgesette rente en fooie te eis;
- wend ons enige wrakstuk- en versekeringsopbrengste aan om die Lening en enige ander finansiële verpligtinge wat aan ons geskuld word, terug te betaal voor enige saldo aan u betaal word;
- weiering deur 'n versekeraar om die volle of 'n gedeelte van 'n versekeringseis uit te betaal of 'n vertraging met die betaling raak nie u finansiële verpligtinge teenoor ons kragtens hierdie Ooreenkoms nie.

6 **Sekuriteit**

Indien dit 'n voorwaarde van hierdie Ooreenkoms is dat u Sekuriteit moet verskaf, moet dit in plek wees voor u die Bate in ontvangs neem.

7 **Fooie en koste**

U stem in om alle fooie en koste te betaal soos in hierdie Ooreenkoms uiteengesit. Tensy u die Inisiërings-/Dokumentasiefooi vooraf betaal, sal ons dit by u Lening voeg en by u paaiement insluit.

Ons kan u Diensfooi verander deur u binne 'n redelike tydperk voor die verandering in werking tree, skriftelik in kennis te stel.

8 **Rente**

U stem in om rente te betaal teen die koers wat in die Kommersiële Bepalings uiteengesit word.

Ons hef rente op die uitstaande saldo op u Lening, wat daagliks bereken en maandeliks agterna gedebiteer word.

Indien u Rentekoers veranderlik is, verander dit wanneer ons Prima Koers verander. Ons sal u binne 30 (dertig) sakedae na die verandering in kennis stel van 'n verandering in ons Prima Koers en u ook laat weet wat u nuwe paaiemente is.

'Prima Koers' beteken ons gepubliseerde jaarlikse rentekoerspersentasie vir uitlening wat van tyd tot tyd verander.

Indien u versuim om enige paaiement te betaal wanneer dit betaalbaar is of indien ons instem dat u 'n paaiement later as die betaaldatum kan betaal, sal rente (voor en na vonnis) van die betaaldatum tot die werklike betaaldatum op die agterstallige bedrag oploop teen die Verstekkoers soos in die Kommersiële Bepalings uiteengesit en enige sodanige rente wat op 'n agterstallige bedrag ontstaan, word daagliks bereken en maandeliks agterna gedebiteer.

9 **Paaiemente**

U stem in om die paaiemente teen hul betaaldatums te betaal om u Lening terug te betaal.
U stem in om nie enige bedrae van die paaiemente af te trek of terug te hou nie.

10 **Finansiële inligting**

U sal ons voorsien van alle finansiële en ander inligting wat ons van tyd tot tyd mag aanvra, bv. getekende of geouditeerde finansiële state, bestuursrekeninge en/of state van bates en laste van alle maatskappye/lede/trustees/sekuriteitsverskaffers.

11 **Voorafbetalings en vroeë vereffening**

U kan enige tyd bedrae wat op u Lening verskuldig is vooraf betaal. Indien u 'n voorafbetaling maak, sal ons u paaiemente oor die oorblywende termyn van hierdie Ooreenkoms herbereken en verlaag tensy u ons skriftelik in kennis stel dat u die paaiement onveranderd wil hou en die oorblywende termyn dienooreenkomstig wil verkort.

U kan die volle uitstaande saldo op u Lening na afloop van 90 (negentig) dae vanaf die datum waarop u die Bate in ontvangs neem, afbetaal.

Indien u die uitstaande saldo wil afbetaal, moet u ons in kennis stel en ons sal aan u 'n staat gee (die 'Vereffeningstaat') wat u sê hoeveel u skuld op die datum waarop u beoog om te betaal. Dit sal insluit:
- die onbetaalde saldo op die Lening;
- rente betaalbaar tot op die datum wat u beoog om af te betaal;

- koste, fooie en heffings wat aan ons geskuld word tot op die datum wat u beoog om af te betaal; en
- die fooi vir vroeë vereffening (indien enige).

Die fooi vir vroeë vereffening is gelyk aan die verskil tussen die Rente wat betaalbaar is oor die tydperk van 90 (negentig) dae vanaf die datum waarop u kennis gee van u voorneme om te vereffen, minus die Rente wat gedurende die werklike kennisgewingtydperk betaalbaar is. Ons hef nie 'n fooi vir vroeë vereffening indien u ons 90 (negentig) dae of langer kennis gee van u voorneme om die uitstaande saldo van u Lening af te betaal nie.

Indien u versuim om te vereffen op die datum waarop u ons inlig dat u beoog om te betaal, sal ons 'n nuwe Vereffeningstaat aan u moet uitreik.

12 **Waarborge**

U verteenwoordig en waarborg ons ten alle tye dat:
- u alle nodige stappe geneem het om die uitvoering van hierdie Ooreenkoms te magtig;
- u volle bevoegdheid en magtiging het om aan u verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms te voldoen;
- die bepalings van hierdie Ooreenkoms nie teenstrydig is met en nie die bepalings verbreek van enige ander ooreenkoms of onderneming wat bindend op u is nie;
- alle inligting wat u aan ons verstrek in verband met hierdie Ooreenkoms in alle opsigte waar, volledig en akkuraat is;
- u nie bewus is van enige feite of omstandighede wat nie aan ons openbaar gemaak is nie wat, indien openbaar gemaak, ons besluit om die Lening aan u toe te staan negatief kon beïnvloed;
- u nie wanpresteer ten opsigte van enige van u verpligtinge teenoor ons of enige ander kredietverskaffer nie;
- u nie insolvent is nie, en dat nóg u nóg enigiemand anders aansoek gedoen het vir 'n sekwestrasie- of likwidasiebevel teen u (hetsy voorlopig of finaal);
- u geen voldoeningskennisgewings vanaf die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ontvang het nie;
- u nie onder besigheidsredding is nie en geen stappe geneem is om u onder besigheidsredding te plaas nie.

13 **Wanprestasie en gevolge**

U sal kragtens die bepalings van hierdie Ooreenkoms wanpresteer indien:
- u nie 'n paaiement teen die paaiementdatum ten volle betaal nie;
- u nie aan enige van u verpligtinge kragtens hierdie Ooreenkoms voldoen nie;
- u nie aan enige van u verpligtinge kragtens enige ander ooreenkoms met ons voldoen nie;
- u nie in staat is om u skulde te betaal wanneer betaalbaar nie of u betaling van enige van u skulde opskort;
- u 'n wesenlik verkeerde of vals verklaring, voorstelling of waarborg aan ons gemaak het in verband met hierdie Ooreenkoms of andersins in verband met u finansiële sake;
- u 'n daad van insolvensie pleeg soos omskryf in die Insolvensiewet 24 van 1936;
- u of 'n derde party 'n aansoek indien of ander stappe neem om u te laat likwideer, ontbind of deregistreer, of u 'n besluit aanneem om gelikwideer, ontbind of gederegistreer te word;
- u 'n voldoeningskennisgewing ontvang van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom wat u versoek om op te hou om 'n besigheid te bedryf of handel te dryf;
- u begin (of 'n besluit aanneem om te begin) met besigheidsreddingsverrigtinge of 'n derde party begin besigheidsreddingsverrigtinge teen u;
- u betrokke is by litigasie of by enige ander geskil, of daar na ons mening 'n voorval of reeks voorvalle plaasgevind het wat redelikerwys waarskynlik 'n wesenlik ongunstige uitwerking sal hê op u vermoë om enige van die verpligtinge kragtens hierdie Ooreenkoms na te kom; of
- 'n derde party aanspraak maak op eienaarskap van die Bate.

Indien u wanpresteer mag ons:
- deur aan u kennis te gee hierdie Ooreenkoms beëindig en onmiddellike betaling eis van die volle uitstaande saldo van u Lening met voortgesette rente, fooie en koste;
- die Bate terugneem; of
- enige Sekuriteit wat ingevolge hierdie Ooreenkoms verskaf is, afdwing.

U magtig ons hiermee om enige van u rekenings by ons te debiteer vir die vermindering, likwidasie en vereffening van die uitstaande saldo indien u wanpresteer kragtens hierdie Ooreenkoms.

14 **Terugneem en verkoop van Bate**

Indien ons hierdie Ooreenkoms beëindig as gevolg van u wanprestasie, is ons geregtig om beheer te neem van die Bate wat met die Lening gekoop is, dit terug te neem en te verkoop.

Vir die doel van beheername en terugneem van die Bate is ons geregtig om:
- die Bate af te haal en na veilige berging te verwyder;
- die Bate op die plek te beveilig of te immobiliseer (insluitende die verwydering van werkende onderdele om die gebruik of beweging daarvan te voorkom); en
- 'n perseel wat u beset waar die Bate geleë is binne te gaan met die doel om die Bate af te haal, te beveilig of te immobiliseer.

Indien die bedrag wat teen u Lening gekrediteer is minder is as die vereffeningsbedrag van u Lening, mag ons in 'n kennisgewing wat aan u gestuur word die oorblywende saldo eis. Ons hef rente op die oorblywende saldo van die datum van die aanmaning tot die datum waarop die vereiste bedrag ten volle betaal word.

15 **Invorderingskoste**

U stem in dat ons geregtig is om die fooie en kommissie wat prokureurs ons volgens die prokureur-kliënt-skaal vra van u te verhaal:

- vir invorderingswerk soos voorgeskryf ingevolge die Wet op Prokureurs 53 van 1979; en
- vir regstappe om u skuld te verhaal.

U stem in dat ons alle invorderingskoste, fooie en kommissie wat in hierdie paragraaf beskryf word, teen u Leningsrekening mag debiteer en dat dit bygevoeg sal word by en deel sal uitmaak van die uitstaande saldo wat u ons skuld.

16 **U kontakbesonderhede**

U stem in om ons altyd te voorsien van:

- u huidige fisiese adres (en 'n posbusnommer as u posadres indien u nie pos by u fisiese adres wil laat aflewer nie);
- 'n werkende telefoonnommer waar ons u kan bereik; en
- 'n werkende e-posadres en selfoonnommer.

U stem in dat ons vir alle regsdoeleindes enige van die kontakbesonderhede kan gebruik wat u laaste aan ons verskaf het.

Indien u nie u kontakbesonderhede opgedateer hou en toesien dat enige selfoonnommer of e-posadres wat u aan ons verstrek het werk nie, loop u die risiko om nie belangrike kommunikasie van ons te ontvang wat u regsposisie raak nie.

17 **Aflewering van kommunikasie**

U stem soos volg in:

- Wanneer ons items per pos aan u stuur, word geag dat dit binne 4 (vier) dae na die posdatum afgelewer is (die 'Posafleweringstydperk'), en wanneer ons e-posse, SMS'e of ander elektroniese boodskappe aan u stuur, word geag dat dit teen die einde van die dag na ons dit gestuur het afgelewer is (die 'Elektroniese Kommunikasieafleweringstydperk'), tensy u op redelike gronde die teendeel kan bewys.
- Indien
  u sê dat u nie 'n kommunikasie van ons ontvang het nie of dit later as die Posafleweringstydperk ontvang het in die geval van 'n item wat gepos word, of die Elektroniese Kommunikasieafleweringstydperk in die geval van 'n e-pos, SMS of ander elektroniese kommunikasie, en u nie op redelike gronde kan bewys dat u u kontakbesonderhede opgedateer gehou het en seker gemaak het dat enige selfoonnommer of e-posadres wat aan ons gegee is op die betrokke tydstip gewerk het nie,
- dan
  waar hierdie Ooreenkoms bepaal dat ons u skriftelik in kennis stel van iets wat in werking tree wanneer die kennisgewing afgelewer word, of waar 'n tydperk verstryk het na aflewering van die kennisgewing, sal die kennisgewing in werking tree ooreenkomstig die Posafleweringstydperk of die Elektroniese Kommunikasieafleweringstydperk, na gelang van die geval.

18 **Rekeningstate**

Ons sal u rekeningstate na u e-posadres stuur of per gewone pos indien u verkies. U rekeningstaat is die amptelike rekord van u Rekening. U stem in om u rekeningstate stiptelik na te gaan en ons te laat weet indien enigiets na u mening verkeerd is.

19 **Sakedae**

In hierdie Ooreenkoms beteken die term 'sakedag' enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag in Suid-Afrika.

20 **Hoe ons persoonlike inligting hanteer**

Ons is 'n lid van die Barclays Groep. Ons samel persoonlike inligting by u in, verwerk dit en deel dit met:

- die Barclays Groep, sy diensverskaffers en ander derde partye met die doel om ons produkte en dienste aan u te verskaf en aan die regs- en regulatoriese verpligtinge van die Barclays Groep te voldoen;
- kredietburo's vir kredietverslagdoeningsvereistes en om die kredietburo's in staat te stel om 'n kredietprofiel oor u en moontlik 'n kredietgradering oor u kredietwaardigheid in stand te hou; en
- enige party aan wie ons ons regte kragtens hierdie Ooreenkoms afstaan.

Dit is ons verantwoordelikheid om toe te sien dat u persoonlike inligting wettig en op 'n redelike wyse verwerk word wat nie inbreuk maak op u privaatheid nie.

U persoonlike inligting sal nie sonder u toestemming aan iemand anders openbaar gemaak word nie tensy volgens wet van die Barclays Groep vereis en toegelaat word om dit openbaar te maak.

U het die reg om die kredietburo te kontak om u kredietrekord openbaar te maak en enige onakkurate inligting reg te stel.

21 **Finansiële Misdaad, Internasionale Sanksies en Verbode Sakebedrywighede**

As 'n lid van die Barclays Groep het ons beheer- en sekuriteitsmaatreëls met betrekking tot internasionale sanksies, die bespeuring en voorkoming van finansiële misdaad en verbode sakebedrywighede binne sowel as buite Suid-Afrika, wat dit vir ons mag nodig maak om alle inligting, instruksies en transaksies deur en namens u te keur, na te gaan en te monitor.

U stem in om:

- inligting en dokumente oor uself en u banktransaksies soos nodig te verskaf om ons te help om hierdie beheer- en sekuriteitsmaatreëls uit te voer; en
- nie toe te laat dat die Bate gebruik word deur of vir die doel van enige transaksie of besigheid wat verband hou met 'n persoon of land wat aan internasionale sanksies onderhewig is nie.

22 **Diensonderbrekings**

Ons maak staat op tegnologiese infrastruktuur (bv. rekenaarstelsels) om hierdie Lening en verwante dienste aan u te verskaf.

U verstaan en aanvaar dat diensonderbrekings voorkom.

Dit mag tydens 'n diensonderbreking nie vir ons moontlik wees om op u opdragte te reageer nie en daar mag vertragings met die verwerking van u opdragte wees.

23 **Ons vennote se dienste**

Ons kom met handelsvennote ooreen om aanvullende dienste aan u te bied of hul dienste op spesiale voorwaardes te bied.

Ons vennote is uitsluitlik verantwoordelik vir hulle dienste en hulle bepalings en voorwaardes sal geld.

24 **Verandering van hierdie Ooreenkoms**

Ons tak- en kontaksentrumwerknemers het nie magtiging om hierdie Ooreenkoms tydens hul interaksie met u te verander nie behalwe vir gemagtigde personeel wat tot die herskikking van u finansiële verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms mag instem.

Enige verandering aan hierdie Ooreenkoms waarop ons gemagtigde personeel met u ooreenkom, moet op skrif wees.

25 **Wanneer ons nie ons regte uitoefen nie**

Indien ons nie altyd ons regte kragtens hierdie Ooreenkoms uitoefen nie, beteken dit nie dat ons daarvan afstand gedoen het nie.

26 **Oordrag van hierdie Ooreenkoms**

Ons mag enige van ons regte en verpligtinge kragtens hierdie Ooreenkoms aan derde partye oordra.

Hierdie Ooreenkoms is vir u persoonlik en mag nie sonder ons skriftelike toestemming aan iemand anders oorgedra word nie.

27 **Sertifikate**

'n Sertifikaat wat enige van ons bestuurders verskaf, is voldoende bewys van enige bedrag wat u aan ons skuld.

'n Sertifikaat wat verskaf word deur die administrateur wat ons digitale inhoud in stand hou waartoe u deur die internet toegang geniet, is voldoende bewys van die weergawe van die inhoud op 'n gemelde datum en tyd.

28 **Regulerende Reg en Jurisduksie**

Hierdie Ooreenkoms word deur die wette van Suid-Afrika gereguleer.

U stem in tot die jurisdiksie van enige Landdroshof in Suid-Afrika ten opsigte van enige regstappe in verband met hierdie Ooreenkoms, met dien verstande dat ons na ons goeddunke stappe in enige Hooggeregshof van Suid-Afrika kan neem, of arbitrasiestappe kan neem.

29 **Teenstukke**

Hierdie Ooreenkoms kan in enige aantal teenstukke uitgevoer word, waarvan elkeen 'n oorspronklike is maar wat almal saam een en dieselfde dokument behels.

ABSA

Magtiging vir DebiCheck-debietorder/Debietorder ten gunste van Absa Bank Beperk ("Absa") ("u/ons")

Vertroulik

DebiCheck is 'n debietinvorderingsmetode wat ons gaan gebruik om die geld in te vorder wat u aan ons moet betaal.

Ek magtig u om my rekening te debiteer

Kliënt

Naam en van of naam van besigheid (insluitend handelsnaam)

GEORGE MUNICIPALITY

Kliënt se Identiteits- of Registrasieno			
Kliënt se adres	YORKSTRAAT 96, GEORGE, 6529		
Telefoon (H)	044 8019014	Sel of (W)	

Rekening wat gedebiteer moet word ("Rekening")

Rekeningnommer		Rekening-tipe	☐ Tjek
Rekeninghouer se naam	GEORGE MUNICIPALITY		☐ Spaar
Takverrekeningskode	0		
Bank			
Bank se adres			

Rekening wat gekrediteer moet word

Absa-leningsrekeningno wat gekrediteer moet word	0 1 9 9 9 8 2 1 2 7
Takverrekeningskode	632005
Naam van rekeninghouer	ABSA BANK BEPERK
Kliëntkwotasieno by Absa Bank	00090787620

Debietorderbesonderhede

*Mandaat-tipe[Merk asb (✓) die toepaslike Veranderlik ☐ Vaste ☐ Gebruiksgebaseer ☐

Totale paaiement	R 10683.59
*Maksimum bedrag	R 0.0
Betaaldatum	20180630
*Debietorderbedrag	R 0.0

[Merk asb (✓) die toepaslike blokkie]

Betaalfrekwensie: Maandeliks ☐ Kwartaalliks ☐ Halfjaarliks ☑ Jaarliks ☐

*Datumaanpassing Merk (✓) asb die toepaslike blokkie	Ja		Nee	

*Aanpassingskategorie (net veranderlike mandate)	Terugkoop

*Hierdie velde word net ingevul as die debietorder 'n DebiCheck is.

Definisies

Mandaat-tipe:

Veranderlik: 'n Herhalende debietorder.

1 Die debietorderbedrag sal wissel volgens veranderings aan die lening se terugbetalingsbedrag ooreenkomstig die Voertuigfinansieringsooreenkoms, insluitend rentekoersveranderings. Hierdie veranderings vereis nie afsonderlike goedkeuring deur u nie.

2 Indien u totale paalementbedrag verander, sal u versoek word om die verandering aan die debietorderbedrag goed te keur.

Vaste : 'n Herhalende debietorder wat vas is en nie sal wissel nie.

Geruiksgebaseer : 'n Enkele bedrag wat net een keer teen u bankrekening gedebiteer word.

Debietorderbedrag: is die bedrag wat ons uit u bankrekening mag invorder ooreenkomstig die betalingsbedragopsie wat u gekies het. Dit sal verander namate die terugbetalingsbedrag van u lening verander ooreenkomstig die Voertuigfinansieringsooreenkoms, insluitend rentekoersveranderings. Hierdie veranderings vereis nie afsonderlike goedkeuring deur u nie.

Totale paalement: is die bedrag wat die Kliënt ooreengekom het om op die lening terug te betaal volgens die Voertuigfinansieringsooreenkoms.

Maksimum bedrag: is 'n afsonderlike bedrag wat ons (benewens die totale betaling) kan invorder indien die lening agterstallig is. Hierdie bedrag kan 1.5 keer die totale betaling wees [bv indien die agterstallige bedrag vir maand een R550 is (totale betaling plus rente), sal die invordering in maand twee die totale betaling vir maand twee wees (R500) plus die agterstallige bedrag vir maand een (R550). Die totaal wat in maand twee ingevorder word sal R1 150 beloop].

Datumaanpassing: indien JA gekies word, beteken dit dat ons op die besigheidsdag voor die betaaldatum mag invorder indien die betaaldatum op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is.

Betaalfrekwensie: die tydperk tussen elke invordering uit u rekening volgens die Voertuigfinansieringsooreenkoms.

Aanpassingskategorie: veranderings in die Reserwebank se terugkooprentekoers sal veranderings in u debietorderbedrag en ook u maksimum bedrag tot gevolg hê.

Debietorderbepalings

Die bedrag wat teen u benoemde rekening gedebiteer moet word is die verskuldigde bedrag wat op daardie tydstip (kapitaal, rente en ander koste) op die Absa-voertuigfinansieringsrekening aan ons betaal moet word. U aanvaar dat die bedrag wat ons afgetrek het die korrekte bedrag is totdat u die teendeel bewys. Die verskuldigde bedrag kan van tyd tot tyd gewysig word om veranderings soos rentekoersveranderings of enige versekeringspremies wat gehef word in te sluit.
U magtig ons om u rekening op die betaaldatum te debiteer.

Indien u nie fondse op die betaaldatum beskikbaar het nie, sal ons dalk nie die betaling kan invorder nie, kan u kredietrekord daardeur geraak word en sal u dalk bykomende fooie en rente moet betaal.

DebiCheck-bepalings

DebiCheck is 'n debietorderbetaalmetode waar betalings vroeg in die oggend verwerk word en ons albei bykomende stappe moet volg indien u ons of 'n derde party deur middel van hierdie debietorderbetaalmetode uit u rekening by ons wil betaal.

U sal in kennis gestel word dat u die besonderhede van die debietorder binne 'n beperkte tyd moet bevestig voordat die eerste betaling verwerk word. U bevestiging raak net die betaaltyd. Indien u nie bevestig nie, sal die debietorder nie deel van die DebiCheck-proses wees nie, maar kan die debietorder steeds verwerk word.

U bly aanspreeklik vir alle onbetaalde bedrae wat u aan ons verskuldig is. Indien u debietorder nie betaal word nie, kan dit 'n verbreking van u ooreenkoms met ons wees en u kredietrekord kan daardeur geraak word.

Ons kan u rekening voortdurend voor en na die betaaldatum volg en die invordering weer indien as die invordering nie op die betaaldatum geslaag het nie, en dit word 'n 'volgingsaanduider' genoem.

U hoef die besonderhede van die debietorder net een keer te bevestig, tensy u sommige besonderhede op u debietorder by ons of 'n derde party verander, in welke geval u versoek kan word om daardie veranderings te bevestig.

Algemene bepalings

Indien daar 'n bestaande debietorder-/DebiCheck-mandaat op die finansieringsooreenkoms is, sal hierdie mandaat die bestaande mandaat vervang.

Net een herhalende debietorder-/DebiCheck-mandaat mag op enige gegewe tydstip op die finansieringsooreenkoms verwerk word.

Afsonderlike bepalings en voorwaardes geld vir rekenings wat gedebiteer en gekrediteer moet word, en u bank kan koste op u transaksierekening hef wanneer die debietorder betaal word.

Indien u enige betaling betwis wat gemaak is, sal u moet bewys dat daardie transaksies nie betaalbaar was nie of dat ons die betaling verkeerd gedebiteer het.

U moet seker maak dat die besonderhede wat u in hierdie mandaat verskaf het korrek is.

Ons is nie aanspreeklik vir onsuksesvolle of teruggestuurde transaksies nie. Tensy ons met growwe nalatigheid of bedrieglike voornemens opgetree het, vrywaar u ons en onderneem om ons skadeloos te stel teen enige verlies, skade, regsaanspreeklikheid (insluitend koste op 'n prokureur-en-kliënt-skaal) of uitgawes van watter aard ook al wat ons dalk kan ly of waarvoor ons aanspreeklik kan word weens verkeerde, onwettige of ongemagtigde opdragte of inligting wat u (of enige ander gemagtigde persoon of persoon wat ons redelikerwys gedink het gemagtig was om namens u op te tree) gegee het.

Ons sal gehoor gee aan enige bevel van 'n regulatoriese liggaam, selfs al verskil dit van u bevestiging en ons kan hierdie ooreenkoms verander deur aan u redelike skriftelike kennis van die verandering te gee voor dit in werking tree.

Ons produkte en dienste is afhanklik van tegnologiese infrastruktuur (bv. OTM'e, verkooppunt-terminale en rekenaarstelsels). U erken en verstaan dat diensonderbrekings voorkom. Dit kan tydens 'n diensonderbreking dalk nie vir u moontlik wees om ons dienste en produkte te gebruik nie, en daar kan vertragings wees met die verwerking van u transaksies en die weerspieëling daarvan op u rekeningstate.

Handtekening(e)

Datum 29/03/2018